
# Comment
# Kommentaar

deur George Davie



## Hoort die apteker in die eerste linie?

Daar is geen twyfel dat die gemiddelde apteker uiters frusteerd is in sy huidige dagtaak.

Hy neem etlike jare vir opleiding wat tot 'n groot mate oorbodig skyn te wees. Dit is nie onverwags dat party van hulle soms stout skoene aantrek en as primêre medici optree nię.

Die toekoms bekommer aptekers. Waarheen gaan hulle? Wat moet hulle doen om aan te pas by die veranderende omstandighede van die moderne geneeskundige span? Watter veranderings gaan toegelaat word?

Ons weet dat die medikus sy vakgebied ten alle koste probeer beskerm. Veral die huisarts moes in die afgelope tyd baie indringing in sy wêreld toelaat weens die diverse vereistes van ons probleemryke land. Hoe behoort ons die aptekers se probleem tegemoet te gaan?

Daar is diegene wat meen dat die apteker se opleiding verkort moet word om aan te pas by sy funksie in die hedendaagse apteek. Andere meen egter dat hierdie 'n geskikte bron van primêre geneeskundige hulp is wat net ontgin moet word.

Hulle meen dat die apteker se breë opleiding hom geskik maak om, na 'n mate van kliniese afronding, te kan optree in die voorste linie van diagnose en behandeling.

Hy mag egter steeds nie 'n pasiënt ondersoek nie. Is hy dan geoorloof om die bloeddruk van 'n persoon te bepaal? Mag hy 'n salf voorskryf vir 'n letsel wat iemand aan hom toon?

Het die tyd nie dalk aangebreek vir die huisarts, en derhalwe die Akademie, om die probleem ernstig te ondersoek nie? Indien die apteker gaan opgelei word is dit nie die huisarts se plig om dit te onderneem nie? Moet daar nie reeds begin word met die bou van die brûe tussen die ou en eerbare professies van apteker en huisarts nie? □